Herfsgenoot

2025 | Uitgawe 1

Vanaf die Redaksie

Liewe inwoners

As jy jou eie eulogie kan skryf, wat sal daarin staan? Ons ken onsself goed en dit behoort maklik te wees om dit te skryf.

Ongelukkig kry ons nie die geleentheid om dit self te skryf nie.... Maar, ons kry die geleentheid om dit te leef.

Wat 'n voorreg is dit nie om hierdie geleentheid te kan hê nie. Hoe ons leef, hoe ons onsself uitleef, hoe ons dinge doen, hoe ons met ander mense werk en praat en selfs die oomblikke wat ons kies om eerder stil te bly, dra alles by tot *wie* ons is. Op hierdie manier dra ons by tot daai mooi woorde wat eendag oor ons geskryf gaan word.

Hoe lekker kan dit nie wees om te besef daardie woorde gaan die waarheid wees en nie net 'n generiese rympie wat gebruik word nie.

Jy kan verseker dat jou nalatingskap 'n positiewe een is. Kom ons leef ons eulogie.

Redaksie groete
Robitta Herbst

Medelye

Aan al ons inwoners en personeel wat geliefdes aan die dood afgestaan het, ons innige meegevoel.

Verjaarsdag wense

Baie geluk aan almal wat gedurende Desember 2024,Januarie en Februarie 2025 verjaar het.
'n Spesiale geluk aan al ons inwoners wat 90 jaar en ouer geword het.

Desember
Mev Essie Lombard
Mev Louise Dönges
Mnr Greville Joseph
Mev Fanny Oosthuysen
Mev Joey Papenfus

Januarie
Dr Johan Cilliers
Februarie
Mev Nella Joosten
Mnr Natie Jansen van Vuuren
Mnr Willem Grobler
Mev Mavis Truter

Mag jy vandag wat so spesiaal is, God se seën ontvang.

Gelukkige Verjaarsdag

Inhoudsopgawe

Ken Mekaar 2

Ons kuier by: 3
Olga Lubbe

Dis hoe die blare waai

Liggies, Liedjies, Piekniek 4

Ouma en Oupa Projek 4

Nuwejaar 5

Beweeglikheid by seniors 5

Ek beleef: 6-7

Aktiwiteite 8

Kalender 9

Ken jou Liggaam 10
Die menslike liggaaam

Inspirasie 11

Ietsie uit die Hemel 11

Om te "retreat" 12

Huisbesoek 12

In Ligte Luim 13
Wat kinders geleer het

Voordele van grys 13

Om oud te word 13

Gebed vir my oudag 14

Fokus Op 16
Moedertaal

Redakteur:
Ina Delport

Sub redakteur en Uitleg:
Robitta Herbst

Redaksie lede:
Sandra van Rooyen
Lucia Truter
Elize Moorby
Neels de Waal

Ken mekaar…

Nuwe Intrekkers

Dries Jansen van Vuuren - A317
Hy is afkomstig van Brummeria Renaissance Aftree-Oord. Dries was ‘n hoërskool onderwyser in rekeningkunde vir agt en veertig jaar, waartydens hy Departementshoof van al die Handelsvakke was. Hy het drie kinders, vier kleinkinders en almal bly tot sy vreugde in Pretoria. Hy het kostuumjuwele gemaak en oorweeg dit om van dit by een van ons vlooimarkte te verkoop. Hy het ook aan-gesluit by die inkleurgroep.

Dirk Mostert - A318
Dirk en Anna het in 2014 ingetrek in A315/A317. Hulle het later na Bougainvilla Aftree-Oord verhuis. Hulle het in 2023 teruggetrek na Huis Herfsblaar na E201. Anna is intussen oorgeplaas na D303 en Dirk het sy intrek geneem in A318. Dirk was verbonde aan Personeelbestuur van die Suid-Afrikaanse – Vloot en Weermag tot en met sy finale aftrede. Dirk en Anna het vier kinders en vier kleinkinders. Dirk het graagmeubels gemaak en gehengel. Hy was lid van ‘n hengelklub. Hy beplan om nou snoeker te speel. Dirk, baie welkom terug in die toringblok.

Suna Redelinghuys - A519
Sy is ‘n ou Pretorianer wat op 13 Januarie 2025 vanaf Colbyn by ons ingetrek het. Suna het by die Nasionale Departement van Behuising begin werk met die portefeulje van Behuisingtendense. Daarna het sy vir twintig jaar by UP se Departement van Navorsingondersteuning gewerk. Suna het tweelingdogters wat altwee oorsee bly. Sy lees graag en en put groot genot uit alle aspekte van natuurlewe.

Gé Pretorius - C201
Sy het op 1 Desember 2024 ingetrek vanaf ‘n meenthuis in Faerie Glen. Gé het drie seuns, ses kleinkinders en nege agterkleinkinders. Sy het ‘n BSc graad verwerf en het by die WNNR gewerk. Nadat sy getroud is was sy ‘n tuisteskepper. Sy stap elke dag en stap ook saam met die inwonwer/personeel groep Donderdagmiddae. Sy het drie honderd soorte lugplante {Tillandsias} gehad, wat vermeerder het tot honderd duisende wat nou by haar kinders is.

Tina Odendaal - C409
Sy het aan die einde van Januarie 2025 ingetrek, vanaf die Oos-Kaap. Sy het nog haar huis by Boknesstrand. Tina het by Absa met korporatiewe kliënte gewerk. Sy het twee seuns en twee kleinkinders en hulle bly albei in Pretoria. Sy was betrokke by haar kerk se uitreikaksies by skole en behoeftige volwassenes. Hulle het drie dae per week kos voorsien en geskenkpakkies tydens Kersfees. Tina hekel graag en beplan om by woel en werskaf aan te sluit.

Mario en Bets Geldenhuys - MH 40.
Die Randburgers het finaal die dertiende Januarie 2025 ingetrek. Ook gewik en geweeg oor verskeie aftree-oorde, maar natuurlik was die finale besluit die beste. Mario is ‘n oud-Tukkie en was in die Rekenaarbedryf o.a. by Burroughs. Bets is ‘n maatskaplike werker en was hoofsaaklik met gesinne en gesinsterapie besig. Hulle het twee dogters en ‘n seun wat almal in Australië en Nieu-Seeland woon. Hulle kuier gereeld oor en weer die oseaan en gaan weer in Maart kuier. Hoop dat julle spoedig ingeskakel sal wees op die manier wat julle pas.

Barry en Helena Barnard - MH 49
Soos baie ander is hulle sommer net hiervandaan – Waverley. Meubels sommer oor die draad aangegee. Gemaklik, gesellig, geselserig, vriendelik en oop. Dit is hoe hulle hier voor my sit. Hulle maak dit vir my gemaklik. Barry was ‘n loods vir Safair en het vlieëniers opgelei. Hy was baie lank in België gestasioneer. Helena, besigheidsvrou, bemarker en ook op die direksie van Clover Hill Boatclubs, juis omdat hulle ook daar ‘n eiendom besit en sy baie gereeld daar gaan vertoef het wanneer Barry in die buiteland was. Hulle het ‘n seun en twee kleinkinders waarby hulle baie betrokke is. Dit is nie nodig om te sê “Welkom” nie. Hulle het dit self bewerkstellig.

<u>Welkom aan ons nuwe sorgeenheidinwoners:</u>
Mev RM v d Westhuizen - E204
Mev EM Liebenberg - E206
Mev P Koch - D304
Mev AL Blignaut - E216

Welkom in ons huis

Ons kuier by:

Olga Lubbe

Sy kom met ‘n groot glimlag by my deur in. “Wat wil jy oor my skryf? Ek het net ‘n graad in Liefde.”

Ja, daarmee is sy geseënd, maar dis nie al nie. Ek sit en kyk op my selfoon. “Weet jy wat beteken jou naam?” Dit was oorspronklik ‘n Noorse naam wat ook in Rusland voorgekom het, maar dit beteken “blessed” en “holy”. Daar was selfs ‘n Olga wat 400 jaar gelede deur die Russsies Ortodokse Kerk as heilige verklaar is. Nou hoe kan jou lewe anders as geseënd wees as daar soveel goedheid aan jou naam gekoppel is?

Sy het grootgeword in ‘n huis waar ‘n Afrikaanssprekende plaasboer met ‘n Skotse dame getrou het en die Engelse Taal het oorheers. Sy was ook in ‘n Engelse skool.
Maar hierdie meisietjie met die “hoë afkoms” het al te lekker saam met die seuntjies krieket gespeel en Skotse mamma het gesê sport moet met ‘n kortbroek gespeel word. Dit was in die dae voor broekdra vir meisies mode geword het. Dalk was dit die rede dat ‘n sekere André Lubbe met swart hare en groen oë ‘altyd naby’ aan haar was. Ja, só was André - altyd naby! Daar was maar van die begin af ‘n liefdesvonk wat in meer as 50 jaar nooit geblus is nie. (Hierdie kalwerliefde siekte is blykbaar aansteeklik want haar dogter en twee kleinkinders is almal met hulle skoolliefdes getroud.)

Toe hulle 14 jaar oud was, het André haar gevra om te kys, en toe het hulle al besluit hulle gaan ‘n lang pad saamloop. En hiermee het ‘n onverganklike liefde gegroei uit ‘n doodgewone skoolkys. Reeds in matriek het die twee al besluit hulle gaan trou. Olga was hoofmeisie in die skool en op haar getuigskrif van die skoolhoof staan daar geskryf “much above average”. André het egter eers gaan studeer en gewerk om sy studies te kan betaal en Olga het gewerk en gespaar vir hulle lewe saam.

Hulle is in 1965 getroud en ‘n seun en dogter is uit die huwelik gebore. Vandag het hulle ook ‘n seun en dogter as kleinkinders.

As sy vandag terugdink aan André mis sy sy warm aanraking, sy vinnige onverwagte soentjies, sy getroue menswees. Sy sluk. Hy was so “gentle” en altyd daar, altyd naby. Ander mense het gesê hulle liefde vir mekaar het uit hulle gestraal.

Olga het in die NG Kerk belydenis van geloof afgelê. Later het sy en André in Magalieskruin se Kerk vir 25 jaar gewerk – hy as kassier en sy het die kantoorsake behartig. Sy was die eerste vrou wat die Noord Transvaalse Sinodesitting in 1983 bygewoon het. Tydens daardie geleentheid het Ds Jan vd Berg aangekondig dat Queenswood gemeente besig is met ‘n projek om ‘n tuiste vir bejaardes op te rig. Daar is gevra of hulle sou fondse nodig hê en ds Jan het geantwoord volgens hulle beplanning sal dit nie nodig wees nie.

In 1995 het Olga en André albei na 18 jaar van diens uitgetree en in hulle afskeids-boodskap is sy so beskryf: “Sy is ‘n kerk-ensiklopedie, die slagaar van Magalieskruin se kantoorbestuur.” André is ook bedank vir 2 dekades se getroue diens in die kerkraad. Buiten hierdie werkverpligtinge, het hulle ook 24 jaar lank kleinkinders opgepas en rondgeneem na hulle na-skoolse aktiwiteite toe.

Net voordat hulle 60 geword het, het sy en André ‘n oorsese toer onderneem. Dit was ‘n droom wat bewaarheid is.
Dit was ‘n groot skok toe André met kanker gediagnoseer is, maar sy voel daar was baie Genade ook - hulle is 16 maande tyd gegun om afskeid te neem. Olga het hom met liefde versorg en omdat hulle geweet het wat die diagnose was, het hulle baie tyd gemaak om mekaar te omhels en liefde te gee.
Olga voel Huis Herfsblaar is nou haar tuiste en dis ‘n voorreg om in so ‘n gerieflike Aftree-Oord te kan bly. Sy begeer dat almal wat hier bly gelukkig moet wees.

Vra so in die verbyloop vir iemand hoe sou hulle Olga beskryf, en die antwoord is: Lojaal en baie standvastig. Sy dien op die Huiskomitee en is aangewys as leier van die gangleiers met die opdrag om ondersteuning en leiding te bied aan gangleiers met hulle groot en moeilike taak. Verlede jaar het sy en Lappies vergaderings in elke gang gehou om te praat oor veiligheid asook die algemene gesindheid onder inwoners – respek en geduld teenoor mekaar moet Herfsblaar se leuse wees.

Hier is ‘n gedagte wat Olga by almal wil laat :

Dit is met U voete wat ek loop.
My liggaam wat hier beweeg, is u werktuig.
U dink in my gedagtes.
Dit is U stem wat oor my lippe kom.
U nabyheid is voor my, agter my, bo my, langs my.
Op my pad is U om my en in my en
in my ouderdom vergeet ek dit nie.
Daarom stap ek die voetpad van my lewe met vreugde
want U het dit reeds vir my uitgetrap.

Lucia Truter

Dis hoe die blare waai…..

Liggies, Liedjies, Piekniek

Desember 2024 verras met sy spoedige koms.
Kersfees voel nog ver, tog omarm die sterretjie liggies die tuin area in ‘n feesruimte.
Laat middag, Saterdag 7 Desember 2024 toe die sonstrale nog oogblind laag deur die bome skyn, kom enkele inwoners uit om ‘n tafel te kies en te merk vir hul genooide gaste.

Met sonsak het almal nes geskrop, tafels gedek en versier, rooi, groen kersfeeskleure vertoon helder feestelik.

Vriende groepies, gangmaats, kinders, kleinkinders, families groet, pak af, sprei komberse uit, strooi kussings vir netnou se gemak, ‘n hele vrolike rumoerige hallo sê! Reg vir ‘n besondere saamkuier.

‘n Stem oor die luidspreker laat daal ‘n stilte oor die opgewondenheid neer. Na die welkom sê en enkele reëlings kom die gaskunstenaar, die bekende, begaafde Chris Coetzer aan die beurt. Die eintlike hoogtepunt van die aand: "Kersliedjies by kersliggies." Chris is begaafd met ‘n pragtige sangstem en sy vertolking so uit sy hart, ‘n getuie van dié Jesus Kind se geboorte in Betlehem.

‘n Eerbiedige stilte sak neer, almal se gedagtes verplaas na daardiè tyd en sing met volle oorgawe heerlik saam! Die liggies aan die bome vat die ritme en wieg saam met die sagwaaiend wind, daar iewers ver blits weerlig en die sagte dreuning verdiep die agtergrond. Die inwoners wat deur die vensters deel, die kwêvoëls, mossies dikkoppies en kolganse in die kerktoring luister en hoor… Die Heiland is gebore … Al was ek nie daar nie ek weet dit is waar....en dan... Stille Nag Heilige nag....
Die Gees van God is naby, hier in die liggie tuin. Met die laaste klanke se wegsterf word die mandjies oopgemaak en die piekniek begin en loop oor in eet, drink, lag en gesels!
Wat ‘n heerlike geleentheid!
Nog een van die vele aangename funksies om Huis Hersblaar inwoners met vreugde te laat meeleef!

Aan mnr. Black en personeel ons innige dank en waardering!
NS - Mede inwoners kom neem deel aan wat vir ons aangebied word gedurende 2025!
Dis altyd spesiaal en laat EENSAAMHEID VERDWYN!

Babsie Reed.

Ouma en Oupa Kersboom

Op 6 Desember het die Huis Herfsblaar inwoners het elkeen ‘n bederf onder ons eie bome gehad.

Die inwoners in die sorgeenheid is bederf met geskenkbokse van sekers van die Ouma en Oupa Kersprojek.

Elke woonstelinwoner het ‘n bederfsak ontvang wat deur Kind2Hearing geskenk is, en die Meenthuis inwoners het ‘n persoonlike kaarjtie en ‘n bederfie van die leerders by Eduplex ontvang.

Huis Herfsblaar is voorwaar geseënd.

Nuwejaarsfees

Op 17 Januarie 2025 het ons inwoners in die tuin vergader en heerlik in groepies saamgekuier onder die klanke van pragtige musiek.
Dit was ‘n heerlike koel oggend met baie en mooi wolke maar geen reën nie.
Die sosiale komiteelede het aan elkeen teenwoordig ‘n smaaklike roomys uitgedeel. Baie dankie.
Baie dankie ook aan Andre en sy span vir die regsit van tafels en stoele en vir ds. Karel vir die musiek.
So ‘n lekker tuinkuier bly ‘n wenner!

Helena Möller.

Beweeglikheid by seniors

Aangebied deur Biokinetikus, Melany Cronje op 31 Januarie 2025
Hoe om ‘n aktiewe leefstyl te beoefen op ‘n hoër ouderdom.

Wanneer jy oefeninge doen:

- raak jy meer funksioneel
- jy gaan minder val
- oefening verlig pyn
- bevorder soepelheid
- help om die goedvoel hormoon, endorfien, af te skei
- jy slaap beter
- jy is meer onafhanklik
- dit verlaag bloeddruk
- verbeter cholesterolvlakke
- dit verbeter balans
- oefeninge maak spiere sterk
- dit help met osteoartritis

Bly verantwoordelik en hou aan iets vas tydens oefening

Siektetoestande kan verbeter of verlaag

- Kardiovaskulêr - hoë bloeddruk, hartversaking, hoë cholesterol
- tipe 2 diabetes
- osteoporose en osteopenie
- depressie en angs
- osteoartritis en rumatoïede artritis
- neurologiese siektes soos Parkinson siekte en Alzheimer siekte

Al die bogenoemde kan baat by oefeninge, selfs matige oefeninge

Maar

- konsulteer eers jou dokter
- begin min en klein
- pas aan by jou huidige gesondheidstoestand
- doen wat binne jou vermoë is
- werk saam met ‘n biokinetikus
- luister na jou liggaam

Wat is genoeg?

- aerobiese oefeninge wat asemhaling verhoog
- weerstandoefeninge met bv. ‘n rek
- oefeninge drie keer ‘n week
- sittende oefeninge – knie optel, armbewegings

Neem gerus deel aan die weeklikse stapgeleenthede saam met die personeel

TONG IN DIE KIES

Beweging kan ook wees:
Wandel, wikkel,
aanpiekel,
verbybeweeg, paradeer en roer.
Omloop, rondbeweeg,
aanbeweeg, terugbeweeg,
uitbeweeg en swaai
GENIET DIT

Sandra van Rooyen

Mandjiedans

Waarmee hou mens jouself dan nou besig op ‘n Vrydag-aand as jy in ‘n aftree-oord woon?

TV kyk is sekerlik die mees algemene tydverdryf. Hier en daar kuier iemand en enkeles lees of brei of hekel. Laat weet gerus as jy iets anders doen waaraan ek nie gedink het nie.
Indien jy in Huis Herfsblaar woon bestaan daar natuurlik die moontlikheid dat jy ‘n paar keer per jaar op ‘n Vrydagaand kan gaan sokkie of mandjiedans. Beide hierdie benamings is natuurlik maar net ‘n statige manier om te sê dat jy eintlike bietjie laf gaan wees.

Ek bedoel: het een van ons nou nog die lyf en die grasie en die stamina en die uitrustings om op die maat van ‘n Strauss-wals swierig oor die vloer te sweef? Kan een van ons nog soos n Elvis-van-ouds wriemel en krul en rondspring?
Moenie my verkeerd verstaan nie; met ons bedoelings is daar niks fout nie. Daar word getwist op die maat van boeremusiek, geskoffel op die maat van ‘n wals en gevastrap op die maat van Mantovani en hoe later hoe kwater. Elders gooi ‘n rolstoel ‘n s-draai oor die vloer dat die swart “tyre”-merke daar bly lê en die volgende oomblik moet almal op die vloer platval want daar is ‘n dame wat haar verbeel sy is ‘n Zoeloe-kryger wat sy assegai of kierie rondswaai!

Uiteindelik begin ‘n slangetjie oor die vloer kronkel en dan kan selfs die bittereinders wat tot nou toe geweier het om bietjie vespot te wees hulself nie keer nie en sluit aan by die pret.
Die aand het pragtige afgeloop. Niemand het rêrig te uitbundig geraak nie. Niemand het skelmpies agter ‘n muur gaan rook nie en ek dink ook nie daar is skelm gevry nie……
Gun jouself die heerlike onspanning en lekker pret as dit weer gebeur – ons is mos nie bang nie!

Lappies Labuschagné

Ek beleef…..

Geduld

Geduld O Geduld

Ek is lief vir die tannies hier in die Sorgeenheid, regtig ek is……maar jy moet net nie haastig wees nie.

Dis Sondag, en ek kan net nie besluit of ek ontbyt sal oorslaan om betyds kerk toe te gaan en of ek maar ‘n kans sal vat want dalk is die kos betyds en kan ek nog eet.

Op pad na die eetsaal beland ek agter ‘n tannie wat al amper 100 jaar oud is. Sy loop soos ‘n trapsuutjie, voetjie vir voetjie en sy loop in die middel van die gang sodat ek nie verby kan kom nie. Ek probeer, eers hierdie kant toe en dan daardie kant toe, maar vergeefs. Om die ongeduld te beteuel sing ek saggies vir myself:

O treurigheid op note, ek staan/stap op eie pote.

Dit raak vervelig en ek probeer Aanstap Rooies, maar die tempo is te vinnig om by my stap te pas. Dan maar: Oppie trein na Pretoria……

Gelukkig kom ons toe by Pretoria oftewel die Eetsaal aan. Ek sak dankbaar in my stoel neer. Nou moet ek eers verduidelik: Amal aan ons tafel is ewe doof en die een wat die minste doof is, kan nie praat nie. Die kommunikasie geskied dus hoofsaaklik deur gebare. Die graankos staan binne bereik en ek wys na die melkbeker want as ek alles regsit, kan ek begin eet na die oggendgebed.

Ewe vriendelik word die melkbeker aangegee – dolleeg. Die twee wat vroeg gekom het, het reeds hulle graankos begin eet en al die melk gebruik. Ek is op die plek vies, as mens al die melk gebruik moet jy mos meer aanvra. Maar hoe verduidelik jy dit nou vir daardie twee?

Toe die skons kom, wys ek vir die een wat die botter eerste kry dat ek dit na haar wil hê, maar nog voor sy klaar is raap die een aan die oorkant dit op. En hulle neem nie net botter en stuur aan nie, nee die skon word sorgvuldig gesmeer van hoek tot kant. Teen hierdie tyd is my geduld tot die uiterste gespanne en ek raap my goed op en verlaat die Eetsaal.

In die klein hysbak is ons vier mense plus ‘n Shoprider en die tannie van die Shoprider probeer om in die beperkte ruimte die ding te draai, stamp my in die proses amper by die toe deur uit. Ek vra ewe beleefd of sy nie liewer die ding sal draai as ons uitklim nie maar sy sê sy kan nie agterstevoor uitry nie. Met stampe en stote en gekneusde tone klim ons toe uit.

In die kerk slaak ek ‘n sug van verligting dat ek betyds is. Toe ek my oë oopmaak na my gebed……wie sit oorkant my, die tannie van die Shoprider.

Geduld O Geduld wat so baie kan dra……

Wilma Goosen

Ek het eenkeer met ‘n besoek aan die Weskus – om presies te wees, was dit Paternoster – die volgende in ‘n eetplek gelees: Geduld is ‘n stadige manier om jou moer te strip!
Maar ons leer in opdrag van die Groot Gebod, behandel ons naaste met liefde EN geduld!

Rina Breytenbach

Wat GEDULD NIE is nie:

G – Gee pad voor my ek was eerste hier.
E – Etenstyd en ons moet so lank sit en wag vir ons kos.
D – Dink jy die bussie gaan ooit betyds wees.
U – Uiteindelik het iemand my lekkende kraan kom regmaak.
L – Loop vinniger, ek is haastig.
D – Doen jy dit maar op jou manier, dit is hopeloos te stadig vir my.

MAAR

Omgee + Respek = GEDULD

en GEDULD is liefde wat uithou en verstaan.

“Die sleutel tot omtrent enige iets van waarde is GEDULD. ‘n Mens kry nie ‘n hoender deur die eier stukkend te breek nie, maar deur dit te laat uitbroei. Leer by die natuur. Sy geheim is GEDULD”

Olga Lubbe

Dit klink vir my, volgens die Bybel, dat GEDULD nie iets is wat sommiges sommer net ge-erf het nie, dit is eerder iets wat ons bewustelik en herhaaldelik moet "aantrek", jou mee moet beklee...

Voorbeeld 1:
As ek steeds met aandag na my buurvrou se storie luister al vertel sy dit vir my nou al vir die derde keer....

Voorbeeld 2.
Toe ek hoor 'n inwoner beplan om na ete eers 'n entjie in die tuin te gaan stap sodat die ander (haastige) inwoners maar eerste in die hysbakke kan klim en na hulle kamers toe kan gaan. Sy "beplan" geduld.... so mooi!

Jenneke Fehrsen

Wees geduldig met alle dinge, maar veral met jouself

Een van die nege gawes/vrug van die HEILIGE GEES wat in Galasiërs 5: 22-23 genoem word, is geduld. Ongeduld, die omgekeerde van geduld, sal die HEILIGE GEES dus beproef. Die voorvoegsel "on" verander die begrip van positief na negatief. Dink maar aan die verskil tussen geluk en ongeluk.

Ongeduld is die aanloop na 'n ongeluk. Ek was die ooggetuie van 'n grusame toneel een oggend toe ek oppad werk toe, vir die bus gewag het. Daar was die gewone verkeer soos dit in die oggend maar te wagte kan wees. Duidelik, uit ongeduld, het die bestuurder van die betrokke motor besluit om aan die linkerkant, op die grondstrook, verby te ry teen 'n aansienlike hoër spoed as die van die verkeer. Hy het nie rekening gehou met die vernouing in die grondstrook, by die water-afvoerbruggie nie. Hy moes dus vinnig rem; die motor het onmiddellik na regs, feitlik reghoekig, onbeheersd voor die verkeer, van agter en van voor ingeswenk. Die aankomende motor in die linkerbaan het die oortreder se motor, wat begin omval het, gestamp, reg voor die aankomende voertuig in, wat toe die skuldige motor op sy dak getref het. As gevolg hiervan, is die insittendes en die ongeduldige bestuurder, almal op slag dood. Hulle het die stamp direk teen hulle koppe gekry.

Enkele dae gelede het ek die voorreg gehad om die mooi, van 'n geduldige bestuurder te sien. Dit was toe 'n parapleeg, ook as gevolg van 'n motorongeluk, met 'n rolstoel en al in haar aangepaste motor geklim het. Daar is baie aksies, hefbome en hulpmiddels wat in die korrekte volgorde hanteer moet word. Sy het dit, sonder om te kla aanvaar en geduldig hanteer. Duidelik dankbaar dat sy die voorreg het om dit te kan doen.

Nou is ek ook meer geduldig as ek met knope en skoenveters sukkel en dankbaar, dat ek dit, ten spyte van my kwaal, nog kan doen.

Joseph Reed

Geduld is 'n gawe wat ek nie ontvang het nie. By Huis Herfsblaar leer jy dit vinnig aan.
As jy haastig is, kan jy nie sommer by 'n stootkarretjie verbyskuur nie. Jy loop geduldig agterna, en besef .... dit wag nog vir my, betoon die nodige respek.
As 'n geliefde nie gou genoeg aantrek nie en jy moet wag, besef .... wie gaan my eendag help.
As iemand alleen in die sonnetjie op die stoep sit, knoop 'n gesprek aan en laat hulle praat, en besef .... eendag gaan ek ook nodig hê dat iemand aan my ook 'n bietjie aandag skenk.
Party van ons het nog baie tyd.
Wees geduldig met ons medemens en respekteer hulle menswaardigheid.
Anoniem

Ek wil vertel van Huis Herfsblaar inwoners se gesindheid. Ek gaan regte name gebruik.
Een aand val ek oor skoene en kan nie weer opkom nie. Bel die susters, maar kom elke keer by Barbara Strydom uit. Sy bel die susters ook maar daar is geen antwoord nie.
Toe bel sy Babsie Reed en vertel haar van my rampspoed. Intussen het die susters darem gekom. Terwyl hul besig was, hier loer Babsie en Joseph om die deur om te sien of ek nog hulp nodig het.
Is dit nou nie prysenswaardig nie?
Met dank.

Essie Lombard

Vir my is die meeste kelnerinne in ons eetsaal 'n baie goeie voorbeeld van geduldig wees!
Hulle luister na spesiale versoeke van inwoners en verduidelik wanneer die versoek nie toegestaan kan word nie.
Ek sien soveel kere dat inwoners by 'n tafel staan en gesels wanneer tee en koffie bedien word. Dan sal 'n kelnerin rustig staan en wag om verby te kom, of 'n ompad loop.
Dan neem hulle nog kos na woonstelle vir siekes en doen dit met 'n glimlag.
Doen so voort ons geduldige helpers!

Hannelie Theart

AKTIWITEITE

Van den Bergsaal:		
Brug	Dinsdae	13:30
Bybelstudie	Donderdae	09:15
Kanasta	Dinsdae	13:30
Musiekpotpourri	2e Woensdag vd maand	15:00
Rummikub	Maandae	09:00
Trimgim	Dinsdae	09:00-09:45 10:00- 10:45
Skilderwerk	Donderdae	13:30
Terapeutiese Inkleur groep	Maandae	Vanaf 13:30
Herfsblaar lofsang	Sondae	16:30
Aktiwiteitelokaal:		
Woel en Werskaf	Woensdae	09:00
Gebedsgeleentheid	Vrydae	07:15
Eetsaal D2:		
Gewyde sang	Woensdae	08:30
Sitkamer/ Tuin:		
Good Mood Club Kuier groepie	Maandae, Woensdae & Donderdae	10:00
Snoekerkamer:		
Snoeker	Dinsdae	10:00
	Woensdae	09:00
Banklokaal:		
Gehoorbehoeftes	Woensdae	09:00-11:00
Ander:		
Stap	Dinsdae	06:00
	Donderdae	06:00 & 06:45 15:30
Biblioteek	Dinsdae & Vrydae	09:30-11:00
Leeskamer	Maandag – Vrydag	08:00-16:00
Kroukie	Maandae, Woensdae & Vrydae	15:00-17:00
Groente- & vrugte verkoping	Donderdae	10:30-11:00
Snoepie	Maandag-Vrydag	09:00-11:00

Kontant kan op Maandae, Woensdae en Vrydae tussen 08:30 en 10:00 by die finansiële kantoor getrek word.

Ons snoepie en haarsalon beskik oor kaart fasiliteite - Maak asb hiervan gebruik

Kalender vir Maart, April & Mei 2025

Datum	Aard van Aktiwiteit/Funksie	Tyd / Waar
07 Maart	Wêreld biddag vir mans	07:15 v/d Bergsaal
	Wêreld biddag vir vroue	09:15 v/d Bergsaal
12 Maart	Mnr Black – Inwonergesprek - Meenthuise	14:30 v/d Bergsaal
14 Maart	Mnr Black - Inwonergesprek – Woonstelle en Sorgeenheid	09:30 NG Kerk Queenswood
21 Maart	Geen Funksie - Menseregte Dag	
28 Maart	Polisie Orkes	09:30 Tuin
04 April	Gespreksforum - Testamente vrae en antwoorde - AVBOB & MacRoberts	09:30 v/d Bergsaal
11 April	Noot vir Noot	09:30 v/d Bergsaal
18 April	Geen Funksie– Goeie Vrydag	
25 April	Easter Egg Hunt	09:30 Tuin
02 Mei	Gespreksforum	09:30 v/d Bergsaal
09 Mei	Skyfie vertoning	09:30 v/d Bergsaal
16 Mei	Pannekoek Kafee	09:30 v/d Bergsaal
23 Mei	Bybelvasvrae	09:30 v/d Bergsaal
30 Mei	Ouerdag - High Tea	09:30 v/d Bergsaal

Die program is onderhewig aan verandering.

Suduko (vanaf: sudoku.cba.si)

#20063 Maklik

	1						5	
		9						
			3		6			2
								6
1	8			3			2	7
			8			1		
		6			7			
	5	7	9	1			4	
3			5					

#54261 Moeilik

				4	8		1	
		8						
2	7			6	1			
	2							
	6		7		4	5		
						1	4	
		3						
5					3	4		
6		1		2		8		9

Ken jou liggaam....

Die Menslike Liggaam

- Aantal bene: 260
- Aantal spiere: 639
- Aantal melktande: 20
- Aantal ribbes: 24 (12 paar)
- Aantal hartkamers: 4
- Grootste slagaar: Aorta
- Normale bloeddruk: 120/80 mmhg
- Bloed pH: 7.4 (suurgehalte)
- Aantal werwels in die rugstring: 33
- Aantal werwels in die nek: 7
- Aantal bene in die middeloor: 6
- Aantal bene in die gesig: 14
- Aantal bene in die skedel: 22
- Aantal bene in die arms: 6
- Aantal spiere in die menslike arms: 72
- Aantal pompe in die hart: 2
- Grootste orgaan :vel
- Grootste klier: lewer
- Grootste sel: vroulike eiersel
- Kleinste sel: sperm
- Kleinste been in die liggaam: stapes of stiebeuelbeen in die middeloor
- Kleinste spier in die liggaam: stapedius in die middeloor
- Gemiddelde lengte van die dunderm: 7m
- Gemiddelde lengte van die dikderm: 1,5m
- Polsslag in een minuut: 72 keer
- Normale liggaamstemperatuur: 36°C
- Gemiddelde bloedvolume: 4 tot 5 liters
- Lewenstyd rooibloedselle: 120 dae
- Lewenstyd witbloedselle: 10 tot 15 dae
- Aantal bene in die menslike voet: 33
- Aantal bene in elke pols: 8
- Aantal bene in die een hand: 27
- Grootste endokriene klier: skildklier
- Grootste limfatiese orgaan: milt
- Grootste en sterkste been: femur

'n Volmaak ontwerpte masjien waarmee jy hierdie avontuur kan geniet wat die lewe genoem word. Pas dit mooi op.



Gesondheidskalender

Maart
TB Bewustheid Maand
3 - Wêreld Gehoor Dag
9-15 - Wêreld Gloukoom Week
13 - Wêreld Nier Dag
21 - Wêreld Down Sindroom Dag
24 - Wêreld TB Dag

April
Gesondheid Bewustheid Maand
2 - Wêreld Outisme Bewustheid Dag
7 - Wêreld Gesondheid Dag
25 - Wêreld Malaria Dag

Mei
Internasionale MS Maand
5 - Wêreld Hand Higiëne Dag
12 - Internasionale Verpleegsters Dag
17 - Wêreld Hipertensie Dag
31 - Wêreld Geen Tabak Dag

15 Mei - 15 Junie
Tooi Turkoois vir Bejaardes veldtog

Inspirasie

Liefste Huis Herfsblaar,

Nou so arriveer ek toe nou - as ‘n spiksplinternuwe predikantjie in ‘n spiksplinternuwe wêreld – sommer ‘n hele nuwe lewe, as jy my vra! En met die in-diepte oriëntering saam, skeduleer Ds. Karel dan ons ontmoeting en bekendstellingsoggend by Huis Herfsblaar. Ek wonder nogals so in my stilligheid waarom ‘n hele oggend dan – Huis Herfsblaar is mos sommer langs die kerk, verdwaal sal ek nie – en ek was mos darem al so paar maal vantevore as ‘n besoeker hier. Dis nou besoeke aan lidmate in die kliniek – en dis my verwysing van Huis Herfsblaar op daardie stadium: ‘n netjiese, besonderse kliniek, maar dis hoe vêr my kennis strek... Eers toe ons deur die kerkhekkie stap dog ek Ds. Karel verdwaal, want ons draai dan links – heel in die verkeerde rigting. En daar tref ons toe die Botaniese Tuine! Mooier kan dit nie! Park-langs, dink ek in my kop. Vandag stap ons park-langs Huis Herfsblaar toe. “Nou hier is die meenthuise...” sê hy. Meenthuise?! Soos in regte-egte, pragtige meenthuise - en dis nie die bure nie, dit ís Huis Herfsblaar. My mond hang oop! “Dis dan ‘n klein dorpie,” sê ek en sover ons stap kan ek nie gloooo wat ek sien nie!

Daarna stap ons deur die kantore, die kliniek, die sorg-eenheid, die apteek, die salon, die biblioteek, die saal... Jou waarlik, ek kan nie besluit wat is vir my die mooiste of die wonderlikste nie! Ek is totaal en al uit die veld geslaan – en liefde met die eerste oogopslag is dit beslis, want so skoon en netjiese plek praat vir homself. Alles is net moooooi vir my! Volgende keer kom ek met my tekkies – en ‘n GPS, want hier kan ek beslis verdwaald raak – letterlik en figuurlik!

Met my tweede besoek kry ek sommer die gevoel van vakansie toe ek by die deur instap. Almal is vrolik en vriendelik, ontspanne en pragtig versorg – om nie te praat van die gesellige atmosfeer en opgewondenheid wat ‘n permanente atmosfeer is nie! Inderdaad ‘n dorpie, maar met ‘n eie luukse passasierskip, dink ek. Hier is alles en nog wat! My aftrede-planne het onmiddellik verander – of moet ek nou sê my vakansie-planne?! - en sommer my ouers en my kinders s’n ook!

Maar báie vinnig sou ek leer dat die mooiste, wonderlikste deel van hierdie skip ongetwyfeld sy Anker is. Ek eer die kaptein en sy uitmuntende span vir besonderse werk – en ‘n tuiste soos ek nog nooit gesien het nie!

Voorwaar, ek is eindeloos beïndruk met julle. Maar dis die Anker wat so aanvoelbaar kragtig en sterk is, dat ek met elke treë die Here hier aan my lyf voel. Die inwoners, die bestuur, die personeel – almal hier deel dieselfde Anker – en onverskrokke so! Geanker. Geanker in geloof. Geanker in gebed. Geanker in God.

Na een maand sê ek dankie, Huis Herfsblaar – dankie met my hele hart. Dankie dat jul my met soveel liefde verwelkom en ontvang. Dankie dat ek mag deel wees van jul dorpie, jul skip – en bo alles: jul Anker. Ek voel reeds tuis asof ek self ‘n inwoner is. Hier voel ek geensins soos ‘n predikant nie. Ek voel soos ‘n passasier – en julle mỳ predikante. Want hier leer ek elke keer – van ware geloof, opregte gebed, omgee en sommer net om ‘n dienende, blymoedige kind van ons Here te wees. Dankie vir ‘n nuwe, moooooi wêreld, Huis Herfsblaar – vir julle is ek sommer reeds baie-baie lief!! Hou altyd vas aan jul Anker – voorwaar, Huis Herfsblaar: die Anker hou vir julle vas, elke dag. Mens voel dit wanneer jy deur die voordeur stap – of is dit nou die agterdeur?!

Liefde-groete in ons Anker,

Anine Fischer

Vrede is nie die afwesigheid van 'n struikelblok nie, maar die teenwoordigheid van God. God gee genoeg beloftes in Sy Woord om 'n ewigheid lank te hou. Jy moet dit net opeis.

Ietsie uit die HEMEL

In sy boek “And the Life Everlasting” vertel John Baillie (1886-1960) van die Skotse geneesheer wat by die sterfbed van sy goeie vriend gesit het. “Jy is mos 'n geleerde gelowige”, vra die sterwende hom op 'n stadium. “Sê my: Hoe sal dit wees nadat ek dood is?”

Die dokter het nie geweet wat om te sê nie. Hy het immers ook nie die antwoord presies geken nie. Na 'n oomblik van huiwerige stilte hoor hulle albei’n gekrap aan die voordeur…..Toe kom die dokter op 'n beeld waarmee hy iets van die hemel vir sy vriend kan verduidelik:

“Jy het mos daardie gekrap gehoor, nè?” vra hy. “Nou ja, dit is my geliefde hond wat geduldig buitekant vir my sit en wag. Hy was nog nooit in jou mooi huis gewees nie. Hy het geen idee hoe dit hier lyk nie. Maar hy is gretig om in te kom. Hoekom? NET OMDAT EK HIER IS. Dit is al wat ek van die lewe na die dood weet: GOD IS DAAR….en daarom wil ek daarheen gaan.” Toe glimlag sy vriend: “En dit is genoeg.”

Olga Lubbe

Ek wens jou die lig van die môreson toe wat elke dag weer oor 'n droewige wêreld opkom.

Grote God

Ek lê die name van my kinders in U hande. Graveer U dit daarin met onuitwisbare skrif, sodat niks en niemand dit ooit daaruit sal kan brand nie – selfs ook nie satan met sy helse woede nie.

Hou U my kinders vas as ek hulle moet laat los en laat U krag altyd bo hul swakheid staan. U weet hoe fel die wêreld hulle sal haat as hulle nie inval in die plan van die wêreld nie.

Ek vra dat U my kinders nie van verdriet spaar nie, maar dat U hulle sou troos as hulle eensaam en bang is. Bewaar hulle om U naamswil in U Verbond en laat hulle nooit vervreemd word van U nie.

Ek lê die name van my kinders in U hande.

Amen

Om te "Retreat"

Dit is nie om te ontsnap of om skuiling te soek teen die wêreld nie. Dit is die teenoorgestelde.
Dit is om na jouself te leun – 'n daad van wysheid.
Om jouself te koester wanneer jy die nodigheid vind. Dit is om terug te keer na bronne binne en buite.
Dit is tyd om jouself te omarm in 'n periode waarin jyself nie meer so produktief of beskikbaar vir die wêreld is nie.
So ....

- Stuur 'n boodskap vir die sterre
- Kyk en vier die lug en wolke
- Neem 'n stappie in die tuin
- Luister na geluide en musiek
- Vind dat jy dit stroom deur die plekke in jou siel – daar waar dit raak
- Jy is siel, gees, liggaam. Beleef en ervaar, want jy kan nog!

Sandra van Rooyen

Huisbesoek van 'n wit duif

Hy stap in -
Ongenooid
Gelate
Rustig asof bekend
Ek sit doodstil op my stoel
Moet asseblief net nie .....
Hy draai ewe rustig
gangaf
asseblief net nie .....
Nou is ek op en gee lang treë
Steeds rustig draai hy regs in
Kombuis toe
Uit -
Sy missie is voltooi
Vrede laat hy vir my na.

Hybie du Plessis kom kuier
Intrapslag
'n Duif deur my huis
Kondig dit dalk my dood aan?

Nee vertel Hannetjie Harvey
by my ook ewe rustig
in en uit
Verseker - Vrede.
Anne van Rooy beaam in gebare taal
Haar blou oë flits
Sy knik haar kop - Vrede laat Ek na
Vrede wat alle verstand te bowe gaan.

Sandra van Rooyen

Vrede is 'n witgevlerkte voël wat jou hart verlig en die sterrehemel van jou huis laat flonker.

Dit is die begin van 'n nuwe dag. God het hierdie dag vir my gegee om te gebruik soos ek wil. Ek kan dit vermors, of ek kan groei en vir ander tot diens wees.
Wat ek met hierdie dag doen, is belangrik, want ek het een van my lewensdae daarvoor ingeruil. Wanneer more aanbreek, sal vandag vir altyd verby wees. Ek hoop nie ek sal berou hê oor die prys wat ek daarvoor betaal het nie

In Ligte Luim...

Wat kinders geleer het

1. Wanneer jou ma kwaad is vir jou pa, moenie dat sy jou hare kam nie.
2. As jou suster jou slaan, moenie terugslaan nie. Hulle vang altyd die tweede persoon.
3. Jy kan nie honde vertrou om jou kos op te pas nie.
4. Moenie nies terwyl iemand jou hare sny nie.
5. Jy kan nie 'n stukkie blomkool in jou glas melk wegsteek nie.
6. Die beste plek wanneer jy hartseer is, is op ouma of oupa se skoot.
7. As daar lekker nagereg is moenie laaste by die bak uitkom nie.
8. Lekkergoed is geneig om jou eetlus weg te neem en jou boude te laat brand.
9. Honde en katte hou ook nie van ertjies nie.

Voordele van om grys te

- Niemand verwag van jou om iewers heen te draf nie
- Jy kan enige tyd van een uur af aandete eet
- Da's niks wat jy nog op die harde manier moet leer nie
- Snelheidsperke is nie meer vir jou 'n uitdaging nie
- Jou geheime is veilig by jou vriende want hulle kan dit nie onthou nie

Om oud te word

Jy weet jy word oud wanneer:

- Feitlik alles aan jou seer is – en dit wat nie seer is nie, werk nie meer nie.
- Wanneer jy uitasem raak wanneer jy skaak speel.
- Wanneer jy uitsien na nog 'n vervelige aand tuis.
- Wanneer iemand van die teenoorgestelde geslag in jou oor blaas en jy kla oor die trek.
- Wanneer jy die ligte vir ekonomiese redes en nie vir romantiese redes afskakel.
- Wanneer jy probeer om die kreukels in jou sokkies reg te trek en jy agterkom jy het nie sokkies aan nie.

Francois Moolman

1961

Dit het als in 1961 begin….

Die ware rede hoekom Suid-Afrikaanse boere in die moeilikheid is, het alles in 1961 begin.
Toe ons geldstelsel van ponde na rande verander het, het my oortrokke rekening verdubbel.
Ek was net besig om daaraan gewoond te raak, toe bring hulle kilogramme in die plek van ponde en my oes verminder met die helfte.
Toe verander hulle die reënval van duime na milimeters en sedert daardie tyd nog het ons nie weer 'n duim reën gehad nie.
Wat doen hulle toe? Hulle bring 'n ding genaamd celsius in en die temperatuur het met 20 grade verminder.
Geen wonder my mielies wil nie groei nie.
En asof dit nie genoeg was nie, verander hulle my grond na hektaar en my plaas verminder met die helfte van wat ek oorspronklik gehad het. Dit is toe dat ek besluit om my plaas te verkoop.
Ek het pas my plaas in die mark gesit, toe verander hulle myle na kilometers en nou is my plaas so ver uit die dorp dat niemand dit wil koop nie.

En hulle noem dit vooruitgang!

Gebed vir my oudag

Heer, u weet beter as wat ek dit self weet, dat ek ouer word en eendag oud sal wees.
Help my dat ek nie praatsiek word nie, en behoed my veral van die noodlottige gewoonte om te meen dat ek iets te sê moet hê oor elke onderwerp en by elke geleentheid.
Verlos my van die behoefte om alle ander mense se sake vir hulle te moet reël.
Hou my gees vry van die relaas van nimmereindigende besonderhede.
Gee my vleuels om die kern van ‘n saak te kan stel.
Ek vra om genoeg genade om na die verhale van ander mense se siektes en kwale te luister.
Help my om dit met Geduld te verdra, maar sluit my lippe as ek oor my eie kwale en kwinte wil begin praat.
Hulle neem toe, en die behae wat ek daarin skep om daaroor uit te wy word groter soos die jare klim.
Leer my die grootste les dat dit tog af en toe moontlik is dat ek my kon vergis het.
Hou my redelik goedgeaard, want ‘n iesegrimmige oumens is een van die duiwel se pronkstukke.
Bewaar my van skynheiligheid en Heilig my lewenswandel.
Maak my bedagsaam maar nie buierig nie, hulpvaardig maar nie baasspelerig nie.
As ek dink aan die skat van wysheid waaroor ek beskik, lyk dit jammer vir my dat ek dit nie alles kan gebruik nie.
Maar u weet o Heer, dat ek aan die einde tog ‘n paar vriende wil hê.

Oorgeneem uit: Dr. Andries Blignault se “Op Soek na Geluk”

SONGS OF PRAISE

Onder leiding van Richard Cock

Sondag, 16 Maart 2025, 15:00

N G Gemeente Queenswood

Kore

'n Massakoor saamgestel uit lede uit die Moot-gemeenskap, asook **Afrikaans Hoër Seunsskool koor**

Soliste

Orrel: Prof Theo van Wyk

Tenoor: Prof Alex Duffey

Klavier: Bertha Spies

Viool: Helena de Villiers

Tjello: Hanlie Bekker

Trompet: Gerhard Olivier

Fluit: Anneli Roux

Kaartjies teen R120, kontant, EFT of met bankkaart

Kerkkantoor, NG Gemeente, ABSA Ben Swartstraat

Tjekrekening Nr.1430 5800 90

Hannetjie, Herfsblaar meenthuis 64,

sel 082 881 4474 of

of gaan na www.ngkqueenswood.co.za en druk op skakel

FOKUS OP

Koester jou Moedertaal

Wêreld-Moedertaaldag word sedert 17 November 1999 oor die ganse aarde jaarliks op 21 Februarie gevier ten einde taalkundige en kulturele verskeidenheid en veeltaligheid te bevorder. Vir my is Moedertaaldag Afrikaansdag omdat ek Afrikaans is en Afrikaans gaan bly, Daarmee saam gun ek al die ander moedertaalsprekers die reg om hul onderskeie moedertale te koester

Hoekom 'n Moedertaaldag? mag jy vra. Omdat die taal waarin ek leer dink en praat het, nie net op my tong bly sit het nie, want ek ís die taal waarin ek my diepste sê kan sê. Ek huil die seerste in my moedertaal en ek lag die lekkerste in die taal van my eerste huis.

Daar is twee goed wat ek slegs in my moedertaal ordentlik kan doen, en dit is om te bid en te vloek. Dit is hoekom dit moedertaal genoem word. Jou identiteit spreek uit die woorde wat jy geken het lank voordat jy jouself geken het.

Ek is uit huis uit Afrikaans. Ek eet selfs Afrikaans en daarom koop ek my kos in Afrikaans. Moedertaaldag is mý dag vir Afrikaans, terwyl ek verstaan dat dieselfde dag ook moedertaaldag vir anderstaliges is.

Praat en lees Afrikaans op Moedertaaldag, maar onthou terselfdertyd: Elke taal wat jy ken, is 'n nuwe vriend wat jy wen. Maar vir ons wat Afrikaans is, is 21 Februarie Afrikaansdag. Gaan koop dus vir jou en jou mense elkeen 'n Afrikaanse boek!

Prof. du Plessis is onlangs oorlede en was 'n woordmens van formaat: taalkundige, skrywer, digter, navorser, akademikus en dramaturg. Hy het groot bekendheid verwerf met sy bundels Griekwapsalms.

Vervat uit artikel deur Professor Hans du Plessis
gepubliseer 10 Februarie 2021 op maroelamedia.co.za

Taalkleinood - *Uit ViVa*

1. Ken jy die woord
- stieftande -
'n ander naam vir kunsgebit?
Dit is opgeneem in deel XVI van die WAT, wat onlangs verskyn het.

2.In die dae van rietdakhuise en min eetgerei het eters hulle lepels na ete in die rietdak bokant hulle sitplek aan tafel gebêre om te verseker dat hulle die lepel behou. Iemand wat permanent lepel in die dak gesteek het, is dood.

Het jy geweet?
Die woord skuinste (skuins+te) is 'n naamwoord wat beteken "helling". (ramp in Engels.)
Die woord skuinsste is 'n adjektief en die oortreffende trap van skuins.

Uit ViVa

Afrikaans word 100

Ons praat en skryf Afrikaans al vir honderde jare, maar op 8 Mei 2025 vier ons ons 100ste verjaarsdag as amptelike taal. Dié veldtog, onder leiding van die Afrikaanse Taalraad (ATR) en Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM), word deur 'n wye en verteenwoordigende groep Afrikaanse organisasies ondersteun.

Afrikaans 100 gryp die kans aan om saam met Afrikaans die toekoms tegemoet te gaan, en bied jóú allerlei maniere waarop jy saam kan vier. Buiten 'n rits inisiatiewe, projekte en kompetisies waarby jy betrokke kan raak of aan kan deelneem, vind daar twee feeste plaas in Mei: een in die Wes-Kaap en een in Gauteng.

Besoek gerus Afrikaans 100 se webblad of sosiale media platforms om uit te vind hoe jy deel kan wees van hierdie vieringe

Die Herfsgenoot is ook elektronies beskikbaar. Indien u dit per e-pos wil ontvang, laat asseblief u e-pos besonderhede by die Dienssentrum

Webbweg 1244
Queenswood 0186
Tel: 012-333 4445
ds1@huisherfsblaar.co.za